Lêer verw/ File ref: 15/3/10-8/Farm_3700

Navrae/Enquiries:
Mnr HL Olivier

13 Julie 2021

AHDP & L Basson
Hillstraat 19
MALMESBURY
7300

COPY

**Per Geregistreerde Pos**

Meneer/Dame

**VOORGESTELDE WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES RAKENDE 'N VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 3700, MALMESBURY**

U aansoek ontvang 4 Junie 2021 rakende die bogenoemde het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek om die wysiging van goedkeuringsvoorwaardes rakende 'n vergunningsgebruik op erf 3700, Malmesbury ingevolge artikel 70 van die Verordening, goedgekeur soos volg:

Goedkeuringsvoorwaarde 1(b) van die besluit gedateer 10 Oktober 2014 lees tans soos volg:

*"...1(b) dat die tuisberoep (skoonheidsalon) beperk word tot 2 kamers van die woonhuis soos voorgehou in hierdie aansoek..."*

Goedkeuringsvoorwaarde 1(b) soos volg gewysig word:

*"...1 (b) die tuisberoep (skoonheidsalon) beperk word tot die bestaande motorhuis (groot ±31,5m²) soos voorgehou in hierdie aansoek..."*

U word pertinent daarop gewys om die toepaslike bouplanne vir die verandering in gebruik van die buitegebou aan die Senior Bestuurder : Bou-omgewing voorgelê word vir oorweging en goedkeuring.

Die bedryf word beperk tot 'n maksimum van 2 besoeke op dieselfde tyd aangesien daar nie formele op perseel parkering voorsien word nie.

Die res van die voorwaardes soos vervat in skrywe van 10 Oktober 2014 bly dus steeds van toepassing.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste
HLO/ds

*Afskrif : Boubeheerbeamte, Brandon Groeneveld*